Sing vooraf: Psalm 46:3 (p. 237)

3 Die HEER is daar, Hy hou die wag; / so gaan die donker uur dan om;
Hy red wanneer die vroeë dag / goudglansend oor die berge kom.
In wilde krygsgedruis / het nasies opgebruis, / en koninkryke sink:
die HEER se stem weerklink –– / 'n ganse wêreld beef voor Hom!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 92:1, 6 (p. 466)

1 Wie sou die HEER nie prys nie,
as weer met nuwe gloed
'n rusdag ons begroet?
Wie Hom nie dank bewys nie
in stille môrewagte,
as ons sy guns omring?
Wie vir sy trou nie sing
'n loflied in die nagte?

6 'n Palmboom hoog en rustig,
'n seder sterk en skoon
met breë blarekroon –
so groei Gods volk, so lustig.
Hul groei deur Gods genade:
hul bloei daar hoog en fris,
waar God se voorhof is,
in skone lofgewade.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet onderneem ons teenoor die Here om sy Wet te onderhou met Psalm 40:4 (p. 205)

Wet

Psalm 40:4 (p. 205)

4 Net om u wil te doen soos in u Boek / – die wonderskrif wat nooit vergaan –
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte soek.
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande – / al wat ek is en het;
diep in my ingewand / waar liefde͡en ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 72:4 (p. 361)

4 Dan kom die tyd van welbehae, / wanneer die vrede bloei;
regverdiges sal in sy dae / in volle wasdom groei.
Van see tot see – geen grensomlyning, / orals gebied sy staf,
totdat die maan, die bleek verskyning, / val van die hemel af.

Skriflesing: Markus 4

Teks: Markus 4:26-29

En Hy het gesê: So is die koninkryk van God, soos wanneer 'n mens die saad in die grond gooi; en hy gaan slaap en staan op, nag en dag, en die saad spruit uit en word groot – hoe, weet hy self nie. Want vanself bring die aarde vrug voort, eers 'n halm, dan 'n aar, dan die volle koring in die aar. En wanneer die vrug dit toelaat, steek hy die sekel dadelik in, omdat die oes daar is. (Markus 4:26-29 AFR1953)

Hoe weet hy self nie! Die saad begin ontkiem en groei sonder dat hyself weet hoe! Die saad groei vanself.

- Hierdie gelykenis troos ons omdat dit leer dat die ewige krag van die Here ons altyd versorg.
- Aan die een kant word ons geloof altyd versterk deur die werk van die Heilige Gees.
- Aan die ander kant kom ons hele lewe tot wasdom onder die genadige versorging van God.

Ons gee aandag aan die volgende twee sake:

1. Die nood van die gelowiges
2. Die troos van God se versorging

1. Die nood van die gelowiges

Die Here Jesus het gepreek dat Hy gekom het om die wat Hom in die geloof aanvaar te verlos.

- Daar het toe baie mense tot die geloof gekom, maar hulle het nie genoeg geweet nie.
- Daarom het hulle ook nie alles verstaan wat die Here Jesus gepreek het nie.
- Hulle het dus, net soos ons, 'n bepaalde geloofsnood ervaar.

Die Here gebruik nou die gelykenisse om al die mense wat sy prediking aanvaar het, besondere onderrig te gee oor dinge wat hulle nie verstaan nie, of wat tot nou toe nog nie duidelik aan hulle geopenbaar is nie.

- Die Here het dus met gelykenisse die verborgenhede van die koninkryk van God vir die gelowiges oopgevou.
- Die verdere doel van die gelykenisse is om 'n skeiding onder die "gelowiges" aan te bring.
- Dit staan nie in die Markus-evangelie geskryf nie, maar die evangelie van Matteus vertel dat die Here, nadat Hy die gelykenis van die saaier vertel het, vir die dissipels gesê het dat die bedoeling van die gelykenisse is om tweedeling onder die mense te bring.

Die ware gelowiges en die valse gelowiges word van mekaar geskei. Ons moet altyd die uitspraak van die Here Jesus in Matt. 13:10-17 onthou waar Hy gesê het:

> **En die dissipels het gekom en vir Hom gesê: Waarom spreek U tot hulle deur gelykenisse? Toe antwoord Hy en sê vir hulle: Omdat dit aan julle gegee is om die verborgenhede van die koninkryk van die hemele te ken, maar aan hulle is dit nie gegee nie. Want hy wat het, aan hom sal gegee word, en hy sal oorvloed hê; maar hy wat nie het nie, van hom sal weggeneem word ook wat hy het. Daarom spreek Ek tot hulle deur gelykenisse, omdat hulle, terwyl hulle sien, nie sien nie, en terwyl hulle hoor, nie hoor of verstaan nie. En aan hulle word die profesie van Jesaja vervul wat sê: Met die gehoor sal julle hoor en glad nie verstaan nie, en julle sal kyk en kyk, en glad nie sien nie. Want die hart van hierdie volk het stomp geword, en met die ore het hulle beswaarlik gehoor; en hul oë het hulle toegesluit, sodat hulle nie miskien met die oë sou sien en met die ore hoor en met die hart verstaan en hulle bekeer en Ek hulle genees nie. Maar julle oë is gelukkig, omdat hulle sien; en julle ore, omdat hulle hoor. Want, voorwaar Ek sê vir julle, baie profete en regverdiges het begeer om te sien wat julle sien, en het dit nie gesien nie, en om te hoor wat julle hoor, en het dit nie gehoor nie.**
> (Matteus 13:10-17 AFR1953)

Menslik gesien sê die Here Jesus iets verskrikliks: **Omdat dit aan julle gegee is om die verborgenhede van die koninkryk van die hemele te ken, maar aan hulle is dit nie gegee nie!** Die gelykenis maak dus 'n skeiding tussen die wat verstaan en die wat nie verstaan nie.

Kom ons kyk eers na die genadekant:

- Die wat in die Here Jesus Christus glo, en wat reeds in hulle harte die koms van die koninkryk van God ondervind, kry by die Here die gawe om meer van die prediking te verstaan wanneer hulle die Woord van die Here hoor.
- Die Here kom die gelowiges in hulle geloofsnood te hulp omdat Hy deur die gelykenisse vir hulle nuwe insigte en die wonder van God se genade oopmaak (Matteus 13:16). Vir die ongelowiges is die gelykenisse niksseggend (vgl. Jesaja 6:9).

  En Hy het gespreek: Gaan sê aan hierdie volk: Hoor altyddeur, maar verstaan nie, en sien altyddeur, maar bemerk nie. (Jesaja 6:9 AFR1953)

2. Die troos van God se versorging

Jesus vertel 'n gelykenis wat handel oor hoe koring uit saad uit ontwikkel tot 'n volwasse en ryp plant wat op die land geoes word. Die saaier is die een wat die Woord van die Here verkondig, en die saad is die Woord van die Here wat in ons groei totdat dit volwasse is.

Watter troos is daar vir ons in hierdie besondere gelykenis wat ons saam gelees het?

- Let op dat dit nie die saaier is wat die saad laat opkom en groei nie.
- Die saaier strooi net die saad op die grond, en dan is sy werk voltooi – hy kan die saad nie laat groei nie.

Tog groei die saad.

- Daar vind 'n geheimsinnige werking plaas wat hyself nie verstaan nie.
- Hy neem net waar dat die aarde "vanself" die halmpie uit die korrel laat uitspruit.
- Hy sien hoe die plant ontwikkel en hoe daar 'n aar aan die stengel uitkom, en hoe die volle vrug ontwikkel.

Later is die koring ryp, en dan eers kan hy weer iets doen:

- Hy kom met sy sekel en hy oes.
- Maar vandat hy geplant het totdat hy moes oes, kon hy geen bydrae lewer nie – 'n groot en onsigbare mag het die koringkorrel tot 'n plant laat ontwikkel.

Net so, sê Jesus, gaan dit in die koninkryk van die hemele. Die saaier saai die woord in die lewens van mense.

- Dit beteken dat die Here predikers stuur om die evangelie aan mense te gaan preek.
- Die woorde wat deur mense gehoor is, raak net soos die koringkorrel weg in die grond.
- Op 'n dag dan merk die saaier dat die woord besig is om te ontwikkel – hoe weet hyself nie.
- Maar wat hy wel weet, is dat dit geskied deur die geheimsinnige werking en krag van die Heilige Gees.

Die Bybel vorm altyd 'n eenheid, daarom moet ons hierdie gedeelte saamlees met 1 Korintiërs 3:6 waar Paulus sê dat dit God is wat wasdom skenk.

Ek het geplant, Apollos het natgemaak, maar God het laat groei.
(1 Korintiërs 3:6 AFR1953)

Hier is die troos: die saaier hoef hom nie te bekommer oor die ontwikkeling van die saad nie. U ook nie.

- Elkeen moet slegs getrou en goed sy werk doen.
- Die groei en die wasdom moet hy heeltemal aan God oorlaat.

Die Saaier is natuurlik in die eerste plek God self.

- Dit is die Vader wat Homself openbaar.
- Maar dit is ook die Here Jesus Christus wat hierdie gelykenis self vertel het.
- Die Heilige Gees is God wat die Woord wat ons hoor of lees, in ons binneste laat ontkiem, groei en tot rypheid kom.

Die troos is dus dat die Here ons nooit vergeet nie, en ook nooit alleen laat nie.

- Hy is altyd daar om ons met sy ewige krag te versorg.
- Dit is waar dat ons nie altyd weet hoe nie – dis te groot vir ons om te verstaan – maar u moet weet dat God daar is en dat Hy die saad in ons laat ontkiem en groei.

Die Here is so ernstig met hierdie saak dat Hy sy Seun aan die kruis laat sterf het sodat die Seun aan ons die geloofskrag kan gee om teen die sonde te stry en ons geloof te laat ontwikkel.

- Die Here Jesus se kruisdood was onder andere om ons eie onvolkomenheid om ons geloof te ontwikkel te oorwin.
- Daarom het die Here die Heilige Gees na ons toe teruggestuur.
    - Die Heilige Gees laat ons geloof nog elke dag groei
    - en Hy laat ons God se Woord verstaan – en daarmee saam al die beloftes daarin wat die Here aan ons gegee het.

Broeders en susters, weet dat God ons laat groei – nie net liggaamlik sodat ons van kinders af volwassenes word nie. Hy laat ook ons geloof groei tot wasdom.

- Saam met wasdom gaan ook bekering en berou, sodat ons inderdaad elke dag beter mense word as ons in die geloof volhard, en altyddeur die Woord van God bestudeer.

Onthou, oor ons hele lewe staan die genade en versorging van God in hoofletters geskryf. Die Here laat sy Woord in ons groei sodat ons kan glo en verstaan en moedig voortlewe tot die Here kom.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 125:1, 3 (p. 618)

1 Dié wat op God vertrou, / al kom die vyand aan,
is soos die Sionsberg / wat altyd vas bly staan.

3 So is die HEER rondom / sy volk in ewigheid –
'n berg wat vas bly staan / in dag van storm en stryd.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
GereformeerdeKerk Bellville
Datum: 4 November 2007 (oggend)